Aankondigings

Sondag, 9 Desember 2018

OFFER: Hospitaalbearbeiding

08h30	Klassieke diens - Kusweg Kerkgebou – Dr Burrie du Toit
09h30	Lofdiens met Familie Moment - Lofsentrum – Dr Burrie du Toit
19h00	Kerssangfees - Lofsentrum

Volgende Sondag, 16 Desember 2018

OFFER: Instituut vir Dowes

08h30	Klassieke diens - Kusweg Kerkgebou – Dr Jannie le Roux
09h30	Lofdiens met Familie Moment - Lofsentrum – Dr Jannie le Roux
19h00	Sangfees vir Kersfees - Kusweg

Let asb daarop dat die koffiebediening afhanklik is van, en gefinansier word deur u vrywillige bydraes.

Kuswegkompleks:

Koffie en Kuier na erediens in saal. Kom kuier lekker saam en ontmoet nuwe mense. Almal is welkom.

Vandag bedien Immanuel Omgeegroep die koffie en verversings.

Daar is **vier Adventsondae voor Kersfees,** waartydens ons vanuit verskillende perspektiewe met verwagting op die koms van Christus voorberei. Advent strek dus gewoonlik oor so bietjie meer as vier weke. Die tweeledige fokus van Advent word ook gereflekteer in die vier Adventsondae. Waar die Adventstyd begin met 'n fokus op Christus se tweede koms, verskuif dit stelselmatig na sy geboorte (wat dan uitloop op Kersdagvieringe). In werklikheid word ons reeds tydens die laaste drie Sondae van die vorige Koninkrykstyd (wat oorgaan in Adventstyd) reeds voorberei vir 'n fokus op Christus se wederkoms met temas wat reeds dan al daarop konsentreer.

Die tweede week se tema is **vrede** (kleur: purper). Die engele het Jesus se koms aangekondig met die lied "Vrede op Aarde". Ons beleef Jesus se vrede en deel dit met elkeen wat op ons pad verskyn.

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Gebedslys

Hospitaal:

Elize Janse van Rensburg	Drommedarisstraat 59	S2	Busamed
Danie Terblanche	Serenitas	S4	Vergelegen Medi-Clinic

Siekes Tuis:

Louis Robinson	Huis 10, Summervale	S8
Elizabeth Blom	Mount View 21, Neptunestraat	S6
Corlia Coetzer	Devon Close 13	S7
Stiaan Botha	La Provence 34	S8
Albert de Villiers	Woonstel 17, Summervale	S8

Meegevoel:

Met Ian & Marilyn Bruce na die afsterwe van hulle seun. Somersetstraat 34, S5.

Voorbidding word gevra vir mense met verhoudings- en maatskaplike nood.

Kalender

*Die Kalender is beskikbaar op ons **webwerf**, **D6 communicator** of vra aan by die **kerkkantoor**. Die huidige maand en die volgende maand se bladsy is opgesit in die konsistorie as jul daar wil sien wat gedurende die twee maande in die gemeente gebeur. Hou die aankondigings dop vir wysigings.*

Ma 10 Des	Narcotics Anonymous	19h00
Di 11 Des	Koor (Kusweg)	18h00
Wo 12 Des	Hawelose Bediening (Kusweg)	
	GIG Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Do 13 Des	Familiediens Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Ma 17 Des	Narcotics Anonymous	19h00
Wo 19 Des	Hawelose Bediening (Kusweg)	
	GIG Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Do 20 Des	Familiediens Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Vry 21 Des	Kantoor Sluit tot 6 Januarie	

FAMILIE

Daar is 'n adventsreeks vir gesinne oor die name van Jesus volgens Jesaja 9:5. Daar is 5 kort Bybelstudies wat gesinne saam hierdie vakansie kan doen wat elk telkens 'n teksgedeelte, aktiwiteit, gespreksvrae en gebedswenk bevat. Dit is saamgestel deur twee predikante uit buurgemeentes in Wellington, Lettie Büchner en Annelet Slazus. Die formaat is van só aard dat dit maklik gedruk kan word.
Die dokument is op D6 gelaai (Kersfees Kosblik) of kontak die kerkkantoor om dit vir jul te epos (admingbaai@absamail.co.za)

Die temas is as volg:
Advent (inleiding)
1. Name het betekenis (Jesaja 9:5)
2. Wonderbare Raadsman (Johannes 3:1-21)
3. Magtige God (Johannes 6:1-15)
4. Ewige Vader (Lukas 18:15-17)
5. Vredevors (Lukas 19:1-10)

Die Kerkraad het op 29 November vir proponent Melissa Ellis beroep as predikant vir 'n termynkontrak (internskap) van twee jaar. Ons vra asb. voorbidding.

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Diensgroepe

NUWE AVONTURE IN DISSIPELWEES
Om deel te wees van ons omgeegroepe is 'n nuwe avontuur IN DISSIPEL WEES. Elke keer ontdek ons saam in God se Woord, en in mekaar, hoe om Jesus meer te volg. Sluit aan by ons omgeegroepe om dit te BELEEF. Skakel die kerkkantoor: 021 856 1654 of stuur 'n epos aan **admingbaai@absamail.co.za**

Eensame en / of Bejaarde persone *wat behoefte het aan 'n besoek,* ***kontak asb vir Marthie du Plessis by 021-8565126***

ECO – FIRE & BBQ

Ten bate van Casablanca "Kinders vir die Koning"

R25 per 5 kg. boks (Geen aflewerings)
NUUT: *Verpak in karton boks | Vuuraanstekers ingesluit*

- *Geskik vir kaggel en braai*
- *Maak warm kole*
- *Geen chemikalieë bygevoeg*
- *100% saamgepersde druiwepitte*
- *100% Suid Afrikaanse produk*

Kontak: Jurgen 021 856 2265 | 084 714 3609

Inligting

NUWE INTREKKERS
Daar is aanmeldingsvorms in die voorportaal by Kusweg Kerk en by die infodesk by die Lofsentrum geplaas.

Vul asb. jou naam op die lys in, indien jy 'n nuwe intrekker is wat graag by ons gemeente wil inskakel. Ons sal jou kontak met die relevante informasie.

LOFBEDIENINGSBESTUURS-GROEP
Vir enige navrae of opmerkings oor die eredienste en/of formaat, kontak asseblief vir Wynand du Plessis by 072 940 5144 of wynand@develec.com

NUWE LIDMATE
Alle nuwe lidmate wat by ons wil inskakel, word hartlik uitgenooi na die byeenkoms vir voornemende lidmate. Die leraars wil u graag daar ontmoet, verwelkom en bekendstel aan alles wat ons gemeente bied en waarby julle kan inskakel. Gegewens om u lidmaat-sertifikate aan te vra, moet ook by hierdie geleentheid ingevul word.
Die volgende byeenkoms vind plaas by die Kusweg Kerkgebou om 18h30 op
16 Januarie 2019

DOOP
Die volgende Doopgesprek is op Woensdag, **23 Januarie** om 18:30 in die konsistorie (Kusweg Kerkgebou). Voornemende doopouers moet vooraf die Doopvorms by die Kerkkantoor kry en BYWONING BESPREEK asook die vorm INHANDIG voordat jy die byeenkoms kan bywoon. Altwee ouers moet die gesprek bywoon asb.
Skakel 021-856-1654 of e-pos admingbaai@absamail.co.za

KOFFIEBEURT OF DIENSBEURT
By info-desk by Lofsentrum:
Kontak
Johan Botes 081 049 8362 of die Kerkkantoor 021 856 1654

Die 2019 Kalender is nou beskikbaar op Communicator. Stuur 'n epos na admingbaai@absamail.co.za om dit per epos te ontvang, of besoek die Kerkkantoor vir 'n gedrukte kopie @ R10

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Kontak Besonderhede

KERKKANTOOR
Die Kerkkantoor sal sluit vanaf
24 Desember tot 6 Januarie 2019

Kusweg 87 / Posbus 15
Gordonsbaai, 7151

Kantoorure
Maandag - Vrydag: 09h00-12h00

Nommer
021 856 1654 (Telefoon)
086 561 5002 (Faks - Sanette)
086 561 5007 (Faks - Annelie)

Epos
ngkgordonsbaai@absamail.co.za (*Sanette*)
admingbaai@absamail.co.za (Annelie)

Orrelis
Ronelle Hoogenhout - 083 474 8123

Koster (elke tweede Woens. af)
Ruben van Wyk - 021 856 1654
Woens 12 Desember – AAN DIENS
Woens 19 Desember – AF

PREDIKANTE
Streekindeling Predikante
Vir pastorale versorging kan die predikante as volg gekontak word:

Streke 1, 2 en 3 - Dr Jannie le Roux
Streke 4 tot 9 - Dr Burrie du Toit

Dr Jannie le Roux
072 127 5043
jgleroux@isales.co.za

Dr Burrie du Toit
082 728 2411
burriet@vodamail.co.za

JEUGWERKER
Johan Botes
081 049 8362
sondagoggend@gmail.com

NOODNOMMER
Na-ure slegs vir krisisse en onmiddellike ondersteuning

072 282 1742

MAATSKAPLIKE WERKER
Margareth Knipe
021 856 2472
maatskaplikngk@gmail.com
Kantoor tye - Maandag, Woensdag & Vrydag. Skakel vir 'n afspraak of laat 'n boodskap.

BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam: *NG Kerk Gordonsbaai*
Bank: *ABSA*
Nommer: *420 580 010 (Tjek)*
Takkode: *334312 (Strand)*
Voorletter(s), van of waarvoor (projek-naam / dankoffer)

MOTORWAGTE

Ons motorwagte is deur die SAPD goedgekeur en dra 'bibs' wat gemerk is **NG Kerk Gordonsbaai.** Ons wil 'n ernstige beroep doen dat gemeentelede nie geld aan die wagte sal gee nie, maar om wel geld in die gemerkte houers te plaas wat in die portaal en konsistorie geplaas is. Hierdie geld sal dan Sondae verdeel word en aan hulle oorhandig word. Dit is fooitjies wat aan hulle uitgedeel word en nie vergoeding of salaris nie.

Een in liefde, een van hart, een in strewe... ALMAL welkom!

Kusweg 87 / Posbus 15, Gordonsbaai 7151
Tel: 021 856 1654 | Webwerf: www.ngkerkgordonsbaai.co.za